# HOOFSTUK VIII.

## 'N BEKNOPTE HISTORIESE OORSIG VAN DIE BESTAANDE INDIVIDUELE SKOLE.

1. **Primêre skole onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad.**

a. Harrisburg.

Op 19 Januarie 1909 het die skool geopen met J.E. Vorster as hoof. Die gemiddelde inskrywing vir die halfjaar eindigende 30 Junie 1909 was 18.8 terwyl, die gemiddelde werklike skoolbesoek 17.0 was [1).

Nadat die skool vir 'n kort periode tydelik gesluit was, het dit op 23 Julie 1912 heropen in 'n kleigeboutjie met H.J. Walkers as hoof. Op die openingsdag was daar 15 leerlinge. Die gehuurde skoolgeboutjie was uiters ondoeltreffend. Die kleimure was slegs ag voet hoog; die vloere was van grond; die dak was plat, en die gebou, wat sleg geruik het, was gedurende die somermaande ondraaglik warm met sy plat sinkdak [2)].

Op 22 Julie 1913 was daar 24 leerlinge [3)].

Vanaf 25 September 1914 tot 19 Januarie 1915 was die skool weer eens gesluit [4)]. Op 22 Januarie is die skool weer heropen met F.J. Wagenaar as hoof en leerkrag [5)]. Die akkommodasieprobleem is op 20 Julie 1915 in 'n mate verlig, toe 'n sinkgebou betrek is [6)].

H.C. Potgieter het op 14 Oktober 1916 diens aanvaar as skoolhoof. Daar was toe 20 leerlinge ingeskryf [7)].

J. van Niekerk het op 28 September 1917 hoof geword van die skool met 25 leerlinge [8)].

Op 19 April 1918 was daar 39 leerlinge [9)], terwyl daar

/op .........

---

1. T.E.D.: Report 30th June, 1909, Appendix IV, 263.
2. Harrisburgskool, Joernaal, 23.7.1912; 22.1.1915.
3. Ibid., 22.7.1913.
4. Ibid., Mei 1915.
5. Ibid., 22.1.1915.
6. Ibid., 20.7.1915.
7. Ibid., 14.10.1916.
8. Ibid., 28.9.1917.
9. Ibid., 19.4.1918.

op 9 April 1920 reeds 41 was [1].

In April 1920 is 'n addisionele klaslokaal, sowat 'n myl van die sinkgebou verwyderd, van ene Morrison gehuur [2]. Gedurende 1920 het dit toe 'n tweemanskool geword toe Harmzen tot die personeel bygevoeg is [3].

Gedurende die twintiger jare het die aantal leerlinge weer afgeneem. Nadat daar op 9 Desember 1921 nog 42 leerlinge [4] was, was daar in Januarie 1928 slegs 14 oor [5]. Nadat die inskrywingsyfer tot so laag gedaal het, het dit weer in 1928 'n eenmanskool geword [6].

Die leerlingtal het aan die einde van 1929 afgeneem tot 10, en die Onderwysdepartement het berig dat die skool op 13 Desember 1929 as gesluit beskou sou word [7].

Op 22 Augustus 1932 is die skool 'n derde keer heropen met D. Yzelle as tydelike hoof. Op die openingsdag was daar 19 leerlinge [8]. D. Yzelle is op 17 Januarie 1933 deur J.S. Nieuwoudt as hoof in permanente hoedanigheid vervang. Op 17 Januarie 1933 was daar 26 leerlinge [9].

Toe die skool op 16 Januarie 1935 na die somervakansie heropen het, was daar 13 leerlinge met G.A. Harley as hoof [10]. Gedurende 1935 het die leerlingtal weer in so 'n mate toegeneem dat daar op 13 Desember reeds weer 25 was [11].

Nadat G.A. Harley op 19 Oktober 1938 deur M.J. Erasmus in waarnemende hoedanigheid as hoof opgevolg het [12], het die huidige hoof, G.H. Koekemoer, diens aanvaar as skoolhoof op 15 Oktober 1940. Daar was toe nog slegs 18 leerlinge [13].

/In ..............

1. Harrisburgskool, Joernaal, 9.4.1920.
2. Ibid., 23.4.1920.
3. Ibid., 20.7.1920.
4. Ibid., 9.12.1921.
5. Ibid., 24.1.1928.
6. Ibid., 6.6.1928.
7. Ibid., 6.12.1929.
8. Ibid., 22.8.1932.
9. Ibid., 17.1.1933.
10. Ibid., 16.1.1935.
11. Ibid., 13.12.1935.
12. Ibid., 19.10.1935.
13. Ibid., 15.10.1940.

In Februarie 1948 het die Klerksdorpse Skoolraad die Onderwysdepartement versoek om die sinkgebou te vervang met 'n steengebou en om 'n onderwyserswoning op te rig[1]. Die onderwysowerheid het egter eers so laat as 1952 hierop gereageer, toe die Provinsiale Sekretaris berig het dat 'n bedrag van £8,085 beskikbaar gestel is vir die gevraagde geboue. Omdat die voortbestaan van die skool in die weegskaal was vanweë die feit dat die blanke spoorwegwerkers wat die skool in stand hou, moontlik deur naturelle vervang sou word, het die Skoolraad aanbeveel dat daar nie onmiddellik 'n begin gemaak moes word met die oprigting van die geboue nie[2]. Aan die einde van 1952 was daar 46 leerlinge[3].

Op 1 Julie 1954 kon die personeel en leerlinge hul intrek neem in 'n tydelike skoolgebou bestaande uit twee klaslokale, twee waskamers, 'n kantoor en voorraadkamer[4].

Aan die einde van 1955 het 36 leerlinge nog onderwys ontvang van twee leerkragte[5].

b. Hartebeestfontein.

Alhoewel daar vanaf 1860 met tussenposes skoolgehou is op Hartebeestfontein[6], is die skool eers offisieel gestig in 1881 met Danie Rossouw, 'n bekwame Bolandse onderwyser, as hoof[7]. Daar was toe 26 leerlinge, verdeel in 4 klasse. In 1881 was Hartebeestfontein een van die ses wykskole in die Potchefstroomse distrik[8].

Deur die beywering van die hoof en die skoolkommissie was die skool in 1882, alhoewel staatsondersteund, as 't ware 'n Engelsmediumskool. Daar is gepraat van „grammar, multiplica-

/tion ...

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.2.1948.
2. Ibid., 4.3.1952.
3. Harrisburgskool, Kwartaalstaat, 28.11.1952.
4. Harrisburgskool, Joernaal, 1.7.1954.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.8.1954.
   Meegedeel deur G.H. Koekemoer, skoolhoof.
5. Harrisburgskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
6. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 20-23.
7. Ibid., 24.
8. Ibid.

tion, devision, geography (met spesiale aandag aan die Britse eilande) en songs". Die sogenaamde „mark" of „donkey" is as strafmaatreël om die nek van leerlinge gehang as hulle gedurende die skoolure Hollands praat [1].

P. van der Merwe het D. Rossouw vroeg in die negentiger jare opgevolg. Van der Merwe is bygestaan deur mejj. Wilson, B. Treu en Van Heerden [2]. Daar was toe reeds 97 leerlinge in die skool [3].

Gedurende die dienstermyn van P. van der Merwe is daar 'n goeie skoolgebou opgerig, 'n onderwyserswoning en 'n koshuis - alles onder dieselfde dak [4]. Op 31-jarige leeftyd is P. van der Merwe in 1894 oorlede. Hy is in 1895 opgevolg deur S.V. van Niekerk, die laaste hoof gedurende die 19de eeu [5].

Na die oorlogsverklaring het die hoof op 4 Oktober 1899 die sluiting van die skool aangekondig [6].

Op 1 Augustus 1902 het H.A.W. Hesse, hoof van die Klerksdorpse kampskool gedurende 1901-1902, op versoek van die ouers die skool heropen met 28 leerlinge onder die nuwe Onderwysdepartement. Hy was bygestaan deur mej. J.S.W. Jooste [7]. Omdat die skoolgebou verwoes was, is daar vanaf Augustus tot Oktober skoolgehou in die vernielde kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente. Mejj. Dirkie en Johanna Jooste was assistentes. In Oktober 1902 is 'n sinkgeboutjie betrek wat opgerig is met materiaal afkomstig van die Merebankse konsentrasiekamp en wat geleë was teenoor die noordoostelike hoek van die Kerkplein [8].

Gedurende 1903 was dit die voorreg van die hoof, H.A.W. Hesse, om besoeke te ontvang van mej. Emily Hobhouse, Fabian

/Ware ......

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 24.
2. Ibid., 25.
3. Ibid., 26.
4. Ibid.
5. Ibid., 28.
6. O.R. 16846/99: Brief, 10.10.1899.
   Badenhorst: a.w., 28.
7. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 1.8.1902.
8. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

Ware, John Adamson, Garnett en Patterson. Inspekteur J.H. Corbett het dikwels by die hoof, wat onder die armoedigste omstandighede gehuisves was in 'n klein bouvallige kamertjie, tuisgegaan tydens sy inspeksiereise deur Wes-Transvaal[1].

In Desember 1903 is H.A.W. Hesse bevorder tot distrikshoofonderwyser[2].

H. Meester, wat gedurende die oorlogsjare as krygsgevangene in Ceylon aangehou is, het Hesse as hoof opgevolg in die begin van 1904 met 'n salaris van £250 per jaar[3].

In 1906 is 'n nuwe skoolgebou in gebruik geneem. Die leerlingtal was toe 106[4].

In 1908 is die volgende persone tot die skoolkommissie verkies[5]: ds. W.F. Knobel, L.J. van der Merwe, R.H. Lemmer, W.J. Vermaas, P.J. Jooste en W.L. Jooste.

Vanaf 1911 is Hollands in die skooljoernaal gebesig en die medium van onderwys was Hollands[6].

In 1923 was daar 118 leerlinge in die skool[7].

Na die aftrede van H. Meester in 1925 het J. van Oostrum diens aanvaar as hoof vanaf 21 Julie 1925[8].

Op 9 Oktober 1928 is 'n kerklike koshuis geopen[9].

Nadat die Kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente in Maart 1930 'n stuk grond aangebied het vir onderwysdoeleindes, is daar in 1931 begin met die bou van 'n skool, wat in April 1932 in gebruik geneem is[10].

In 1939 is die skool van Oorbietjiesfontein na Hartebeestfontein gesentraliseer[11].

/Vanaf ........

---

1. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
2. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 1.1.1904.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
3. Hartebeestfonteinskool, t.a.p.
   Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 30.
4. Badenhorst: t.a.p.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.5.1908.
6. Badenhorst: a.w., 31.
7. Ibid., 32.
8. Ibid.
9. Ibid.
10. Ibid., 32-33.
11. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 1.11.1938.
    Badenhorst: a.w., 33.

Vanaf Maart 1940 is die skool verhoog tot 'n P.2-skool. In 1940 was daar reeds 236 leerlinge met 9 leerkragte [1].

A.J. Koen, die huidige voorsitter van die Transvaalse Onderwysersvereniging, het Van Oostrum as hoof opgevolg in Julie 1940 [2].

In 1942 is die Rietfonteinskool na Hartebeestfontein gesentraliseer [3] en in 1945 Paardeplaatsskool [4].

Voordat F.J. Greybe as hoof aangestel is in Augustus 1948, het J.J. Booyens as sodanig waargeneem [5].

Gedurende 1950 het die koshuis op Hartebeestfontein finaal gesluit [6].

Die inskrywingsyfer het in 1951 te staan gekom op 300 leerlinge [7].

Nadat F.J. Greybe in 1953 as hoof aangestel is op Standerton [8], het J.P. Lombard in dié hoedanigheid waargeneem totdat J.C. Coetzee diens aanvaar het as hoof vanaf 1 Julie 1954 [9].

Aan die einde van 1955 het 322 leerlinge onderwys ontvang van 13 leerkragte [10].

Die Hartebeestfonteinse skool het wel tye van insinking beleef, dog dit het deur die jare heen gegroei, om inderdaad die kragtige woorde van sy leuse: VOLHARD EN OORWIN, uit te leef.

c. Kafferskraal.

C.J. Pienaar het in Augustus 1892 'n skool op Kafferskraal in 'n klein geboutjie met 13 leerlinge geopen [11].

Nadat die skool in 1893 tydelik gesluit is toe die hoof na

/die ......

---

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 33.
2. Ibid.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.2.1942.
4. Ibid., 6.2.1945.
5. Badenhorst: a.w., 34.
   A.J. Koen is in Julie 1947 as hoof van die Presidentskool, Klerksdorp, aangestel.
6. Ibid., 35.
7. Ibid.
8. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.5.1953.
9. Ibid., 20.4.1954.
10. Hartebeestfontein, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
11. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 3e kwartaal 1892, 62-63.

die Kaapkolonie vertrek het [1], is dit op 1 Oktober 1894 deur A.A. le Roux de Wet heropen [2].

Intussen moet die skool weer gesluit gewees het, want J.A. Vlok het op 8 Februarie 1897 die skool weer heropen met 24 leerlinge [3]. Gedurende dieselfde jaar is 'n geskikter gebou opgerig, en op 26 Oktober 1897 was daar reeds 29 leerlinge [4].

Op 1 Oktober 1898 het die skool die derde keer gesluit. F. ten Kaate het vanaf 1 Januarie 1899 daar onderwys gegee [5]. Gedurende dieselfde jaar is Ten Kaate vervang deur O. van Oostrum [6].

Na die uitbreek van die Engelse oorlog is die skool op 6 Oktober 1899 gesluit toe O. van Oostrum op kommando moes gaan [7].

Na die sluiting van vrede in 1902 het die inspekteur, J.H. Corbett, H.A.W. Hesse, hoof van die Hartebeestfonteinse skool, aangemoedig om skole te stig. In Oktober 1903 het Hesse die skool heropen met W.P. Jenkens as hoof [8]. Die skool was aanvanklik gehuisves in 'n "Mafeking shelter", en die gemiddelde inskrywing vir 1903 was 27.5 [9].

Gedurende 1908 is 'n gebou vir onderwysdoeleindes gehuur van 'n sekere Botha [10]. Gedurende Junie is die volgende skoolkommissielede gekies: J.A. Scholtz, J.J. Scholtz, A.J. van Niekerk, A.F. van Niekerk en L.T.J. Nel [11].

W.P. Jenkins het aan die einde van 1908 bedank [12], en A.O. Stordeur het in 1909 opgetree as hoof [13]. Die gemiddelde inskrywing was toe 42.8, en die hoof is bygestaan deur

/S.P. ..........

---

1. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 3e kwartaal 1893, 54.
2. Ibid., le kwartaal 1895, 49.
3. O.R. 1541/97: Brief, 8.2.1897.
4. Verslag van de Schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 101-102.
5. O.D. 332, 92.
6. O.R. 11478/99.
7. O.R. 16800/99: Brief, 7.10.1899.
8. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
9. T.E.D.: Report 31.12.1903, 68.
10. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.7.1908.
11. Ibid., 16.6.1908.
12. Ibid., 20.10.1908.
13. T.E.D.: Report 30.6.1909, Appendix IV, 203.

S.P. Wink[1].

F.A.M. le Roux het in 1910 hoof geword, dog hy is in dieselfde jaar deur die Departement ontslaan. D. Steenkamp het hom toe opgevolg[2].

G. Nijsse het in 1917 hoof **geword.** 'n Nuwe sentrale skool is op 10 April geopen[3]. Gedurende 1917 het dit 'n driemanskool geword[4].

Toe W.J.H. Badenhorst in 1923 as hoof aangestel is, was daar reeds 84 leerlinge[5].

Die aantal leerlinge het egter geleidelik begin afneem, sodat daar aan die einde van 1940 nog slegs 30 oor was[6].

In 1943 is Mahemsvleiskool na Kafferskraal gesentraliseer[7].

J. Botha is in 1944 aangestel as hoof[8].

Nadat die leerlinge van Mahemsvlei bygekom het, het die inskrywing weer toegeneem. Addisionele akkommodasie het noodsaaklik geword, en in 1946 is daar geld beskikbaar gestel vir die oprigting van twee addisionele klaskamers[9].

Sedert die aanstelling van J.H. Coetzee aan die begin van 1949 het die skool se inskrywingsyfer gedurende die afgelope paar jaar weer vinnig begin toeneem, soos uit die volgende tabel blyk[10]:

| Datum | Aantal leerlinge |
|---|---|
| Desember 1949 | 57 |
| Desember 1950 | 67 |
| November 1952 | 79 |

/Die ..........

1. T.E.D.: Report 30.6.1909, Appendix IV, 203.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 15.11.1910.
3. Ibid., 3.4.1917.
4. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1917, Bijlage XII, xiv.
5. Ibid., 31.12.1923, Bylae XI, 333.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 1.5.1923.
6. Kafferskraalskool, Kwartaalstaat, 13.12.1940.
7. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.8.1943.
8. Ibid., 1.2.1944.
9. Ibid., 8.1.1946.
10. Kafferskraalskool, Kwartaalstaat, 9.12.1949; 14.12.1950; 28.11.1952.

Die aantal leerlinge het egter weer vanaf 1953 begin daal, sodat daar aan die einde van 1955 nog slegs 54 was [1].

d. Klerksdorp English Medium.

Die Klerksdorpse Skoolraad het in 1922 daartoe oorgegaan om die geboue van die Presidentskool, toe bekend as Milnerskool, te verdeel met die oog op die afstigting van die Engelsmediumskool. Die een gedeelte van die Presidentskool sou dan voorlopige akkommodasie bied aan die Engelsmediumskool, terwyl die origе gedeelte betrek sou word deur die Afrikaansmediumleerlinge [2].

Die afstigting het in 1923 plaasgevind [3]. H.J. Freeman het toe aan die hoof gestaan van die Engelsmediumskool met 201 leerlinge [4].

In 1928 het die Onderwysdepartement berig dat die bedrag van £4,500 bewillig is vir q   oprigting van 'n Engelsmediumskool [5].

E. Starr het in 1928 hoof geword. Daar was toe 238 leerlinge [6].

Gedurende 1930 het die Engelsmediumleerlinge verhuis na die nuwe gebou. Hierdie gebou is tans deel van die Klerksdorpse Hoërskool [7].

S.E. von Broembsen het in 1937 hoof geword [8].

Aan die einde van 1940 was daar 225 leerlinge met E.P. Buchner as hoof [9].

Toe S.E. von Broembsen in begin 1946 weer eens hoof geword het, was daar 230 leerlinge [10].

/J. ..........

1. Kafferskraalskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.9.1922.
3. Ibid., 2.4.1923.
4. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1923, Bylae XI, 333.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.8.1928.
6. T.O.D.: a.w., 31.12.1928, Bylae XI, 139.
7. Koen: Die Presidentskool, 1889-1949, in Presidentskool, Gedenkuitgawe, 1949, 23.
8. T.O.D.: a.w., 31.12.1937, Bylae XVIII, 274.
9. Klerksdorp English Medium, Quarterly Return, 13.12.1940.
10. Ibid., 29.3.1946.

J. Cosford het in 1948 hoof geword[1].

Die huidige skoolgebou is op 16 Maart 1949 geopen[2].

T.W. Stevens, die huidige hoof, het diens aanvaar vanaf die begin van die derde kwartaal 1954[3].

Die aantal Engelsmediumleerlinge het vanaf die end van 1951, toe daar 239 leerlinge was[4], aangegroei tot die totale inskrywing van 671 aan die einde van 1955[5].

e. Meiringspark.

Ten einde voorsiening te maak vir die snelle uitbreiding van die westelike gedeelte van Klerksdorp en om die akkommodasieprobleem by die Unieskool te verlig, het die Raad in Januarie 1953 aanbeveel dat 'n skool vir 350 leerlinge opgerig word op Meiringspark. Die skool sou dan opgerig word op 'n stuk grond van 2.5842 morg groot en sou voorsiening maak vir leerlinge woonagtig in Meiringspark, Kafferskraalhoewes, 'n gedeelte van Freemanville en Songloed[6]. Twee maande later het die Onderwysdepartement berig dat die oprigting van die skool in beginsel goedgekeur is[7].

In 1954 is daar deur die "Fabricated Steel Manufacturing Co." 'n begin gemaak met die oprigting van 'n tydelike skoolgebou teen die bedrag van £10,663[8].

J.P. Lombard het as tydelike hoof die skool op 18 Januarie 1955 geopen[9].

Aan die einde van 1955 was daar 253 leerlinge[10]. S.P. Groenewald is as hoof aangestel vanaf 1 Januarie 1956[11].

/f. .......

---

1. Klerksdorp English Medium, Quarterly Return, 1.10.1948.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.2.1949.
3. Klerksdorp English Medium: a.w., 5.10.1951.
4. Ibid., 14.12.1951.
5. Ibid., 14.12.1955.
   Van die 671 leerlinge was 287 leerlinge aan die sekondêre afdeling van die skool verbonde.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.1.1953.
7. Ibid., 17.3.1953.
8. Ibid., 19.10.1954.
9. Ibid., 7.12.1954.
10. Meiringsparkskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
11. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.10.1955.

f. Orkney.

Die Orkneyskool het eintlik sy ontstaan gevind in die „Eastleigh Delveryen School", wat in 1913 in die „oude Pakhuis van de Settelaars" geopen is[1]. Die gemiddelde inskrywing vir 1913 was 77, en die personeel het bestaan uit S.J. le Roux (hoof), G.J.B. Coetzer en mej. S. Rothman[2].

Nadat 'n skoolgebou vir 80 leerlinge opgerig is, moes die hoof, J.F. Keet, in 1916 reeds aan 15 leerlinge toelating weier as gevolg van 'n tekort aan akkommodasie. Daar was toe reeds 126 leerlinge[3]. In 1917 het dit 'n A-skool geword[4].

Keet is as hoof opgevolg deur G. Nijsse, en in 1923 was daar 123 leerlinge[5]. In 1926 het F.E. Coetzer hoof geword[6]. Hy is weer in 1933 opgevolg deur C.J. Pretorius[7], wat weer op sy beurt in begin 1949 vervang is deur W.J. Breedt as waarnemende hoof[8].

Aan die einde van 1948 het die Eastleighskool gesluit en is dit verskuif na sy huidige ligging in Orkney. Voortaan sou die skool dan ook bekend staan as Orkneyskool[9], en onderwys is verskaf aan beide Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge.

Aan die einde van 1950 was daar reeds 423 leerlinge by die skool ingeskryf[10].

Gedurende 1951 was H.F. Kotze hoof van die skool[11]. Nadat W.J. Breedt gedurende 1952 weer eens as waarnemende hoof opgetree het, is hy vanaf 1 Januarie 1953 permanent in die hoedanigheid aangestel[12]. In die vierde kwartaal van 1953 was

/daar ........

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.2.1913.
2. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1913, Bijlage IV, 244.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 25.4.1915.
4. Ibid., 5.6.1917.
5. T.O.D.: a.w., 31.12.1923, Bylae XI, 333.
6. Ibid.: 31.12.1926, Bylae XI, 224.
7. T.O.D.: a.w., 31.12.1933, Bylae XII, 206.
8. Orkneyskool, Kwartaalstaat, 8.4.1949.
9. Ibid.
10. Ibid., 14.12.1950.
11. Ibid., 21.3.1951.
12. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 21.4.1953.

daar 572 leerlinge[1].

In 1954 het die Western Reefs-Engelsmediumskool afgestig, en Orkney het die Afrikaansmediumleerlinge behou[2].

Orkneyskool het die skooljaar van 1955 afgesluit met 665 leerlinge en 20 leerkragte[3].

g. <u>President.</u>

Om voorsiening te kon maak vir die onderwysbehoeftes na die ontdekking van goud, 1886-1887, het J.C. Dietel in September 1888 'n skool geopen in die nuwe gedeelte van Klerksdorp met ongeveer twintig leerlinge[4].

'n Skoolgebou is in 1889 deur die bemoeiinge van Michael König by die huidige polisiestasie gebou[5]. Op 22 Januarie 1890 is die skool in gebruik geneem deur J.H. Blignaut as leerkrag en vyf-en-twintig leerlinge[6].

J.H. Blignaut het in September 1891 in die Vaalrivier verdrink. Nadat mej. Mathilda König 'n rukkie as hoof waargeneem het[7], het C.A. Celliers die hoof geword in 1891[8].

C.A. Celliers het in 1893 as hoof bedank, en mej. König het weer waargeneem[9].

In Maart 1893 was daar slegs twintig leerlinge, en dit nadat daar aan die einde van 1892 tagtig leerlinge die skool besoek het. Die rede vir die daling was dat die ouers op Engels aangedring het[10]. Toestande het vererger en die skool het gesluit[11].

C.J. Maritz het die skool in Januarie 1894 heropen[12].

In April 1894 het Gustav E. Geyer hoof geword. Hy is

/bygestaan .......

---

1. Orkneyskool, Kwartaalstaat, 27.11.1953.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.8.1954.
3. Orkneyskool: a.w., 14.11.1955.
4. O.D. 4/4: Brief, 19.9.1888.
5. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
6. Bylaag tot die Klerksdorp mining record, 25.1.1890.
7. O.D. 8/3: Brief No. 151.
8. Guest: a.w., 114.
   Verslag van Schoolinspectiën, 3de kwartaal 1892, 59.
9. O.D. 14/2: Brief No. 40, 10.1.1893.
10. Klerksdorp mining record, 8.4.1893.
11. Verslag van de Schoolinspectiën, 2de kwartaal 1894, 61.
12. Klerksdorp mining record, 17.1.1894.

bygestaan deur mejj. Stadler en Van der Dam, en onderwys is gegee aan 89 leerlinge. Die drie leerkragte het saam in dieselfde lokaal onderwys gegee [1].

Gedurende 1896 is drie afsonderlike klaslokale opgerig, en in November kon die hoof, G.E. Geyer, en mejj. Veltman en L.M.J. Mason elkeen 'n klaskamer betrek. Daar was toe 76 leerlinge wat in ses klasse verdeel was [2].

Die skoolkommissie het op 16 Januarie 1897 besluit om die skool vanweë finansiële moeilikhede aan die staat oor te dra [3].

Kragtens die Uitvoerende Raadsbesluit van 1 Maart 1897 is aan die Superintendent toestemming verleen om die „President Publieke School" as staatskool oor te neem [4].

Die staatskool is op 9 Augustus 1897 met die Hollander-onderwyser H. Wechgelaar as hoof geopen [5].

Op 16 Januarie 1899 is die nuwe staatskool op die huidige terrein van die Presidentskool met sowat 200 leerlinge geopen deur die Superintendent van Onderwys, dr. N. Mansvelt [6].

In Oktober 1899 was daar slegs 80 leerlinge [7], terwyl die hoof gekommandeer was om op kommando te gaan [8]. Die skool het voortbestaan tot aan die end van 1899 met C. van der Mark as die hoof [9].

Gedurende die oorlog het H.A.W. Hesse in Maart 1901 'n privaatskool in die Klerksdorpse konsentrasiekamp begin. Hy is aan die begin bygestaan deur mej. A.J. Teengs, en aanvanklik was daar 60 leerlinge met die ou staatskool as skoolgebou [10].

In Mei 1901 het die nuwe Onderwysdepartement die skool

/oorgeneem ...

1. Verslag van de Schoolinspectiën, 2de kwartaal 1894, 60.
2. Ibid., 4de kwartaal 1896, 381-382.
3. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.
4. R.1741/97: Notule Uitvoerende Raad, 1.3.1897, art. 161.
5. O.D. 332, 6.
   Klerksdorp mining record, 24.7.1897.
6. O.R. 19764/98: Brief, 28.11.1898.
   Klerksdorp mining record, 24.1.1899.
7. O.R. 16981/99: Telegram.
8. O.R. 16029/99: Telegram.
9. O.R. 16981/99: Brief, 16.10.1899.
   Notule Uitvoerende Raad, 3.10.1899, art. 908.
10. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
    V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 162.

oorgeneem. Die inskrywingsyfer het so toegeneem dat daar onder Hesse as hoof, tot 25 leerkragte besig was met die onderrig van die kamp se kinders [1].

Hesse het aan die hoof van die skool gebly tot begin 1902, toe hy vervang is deur 'n Engelse onderwyser, J. King [2].

Na die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 is die Milnerskool begin, wat drie skole sou insluit, naamlik die "Lower Milner" (Presidentskool), die "Upper Milner" (Polisiestasie) en die Lawley (Unieskool). Al die skole het onder dieselfde hoof gestaan, naamlik H.J. Freeman [3].

In Oktober 1904 is die eerste skoolkommissielede, naamlik J.A. Neser (voorsitter), E.F. Shepherd, C. Rothman, F. Melville, W. Trollope, J.A. Taylor en C. Dickinson, gekies [4].

Die skoolkommissie wat op 23 Februarie 1906 vir die "Upper Milner"-, die "Lower Milner"- en Lawleyskole gekies is, het bestaan uit: J.A. Neser, J.H. Voss, H. Bramley, dr. Russell, F. Melville, G.H. Wallace, J. Moody-Lane en M. Lipman [5].

In 1910 is H.J. Freeman bygestaan deur dertien leerkragte wat oor die drie skole versprei was. Vir die jaar eindigende 30 Junie 1910 was die totale gemiddelde inskrywing 377 leerlinge [6].

Die leerlingtal het aangewas tot 790 vir die jaar eindigende 31 Desember 1920. Aan die drie afsonderlike inrigtings was reeds 25 leerkragte verbonde onder H.J. Freeman as hoof [7].

Die stryd om moedertaalonderwys, met di. P.W. Ennis, J.W.G. Strasheim, P.A. Theron en die heer D.P. Kirstein aan die spits, het daartoe aanleiding gegee dat daar later parallelmediumklasse gestig is. Die stryd het voortgeduur om Afrikaans 'n

/ereplek .....

---

1. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
2. Symington: Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat, Bylaag C.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
3. Du Plessis: Uit die verlede, 1922-1947, artikel in K.H.S.-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 21.
4. Klerksdorp mining record, 21.10.1904.
5. Ibid., 27.2.1906.
6. T.E.D.: Report 31.6.1910, 284.
7. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1920, Bijlage XII.

ereplek in die skool te laat inneem. In 1923 is die Afrikaansmedium van die Engelsmedium afgestig. Die twee skole, Afrikaans- en Engelsmedium is in dieselfde gebou[1] gehuisves. Die Afrikaansmediumskool het gedurende dieselfde jaar sy ou naam Presidentskool teruggekry[2], en die Lawleyskool het deel daarvan geword onder die naam van Oudorpskool[3].

J.S. Engela het vanaf Januarie tot Julie waargeneem as hoof[4]. In Augustus 1923 het L. de Villiers diens aanvaar in dié hoedanigheid[5].

In Augustus 1928 is die Oudorpskool afgestig en sou voortaan bekend staan as die Unieskool. Gedurende 1930 het H.J. Freeman en die Engelsmediumleerlinge na 'n nuwe skoolgebou verhuis. „Die Presidentskool was nou baas op sy eie werf en het weer die hele gebou betrek wat in 1898 as die President Publieke skool ingewy is"[6].

Na die vertrek van L. de Villiers[7] het dr. A.P. du Toit op 27 Junie 1936 diens aanvaar as hoof van die skool[8].

In 1942 is 'n sierlike skoolgebou aan die suidelike gedeelte van die terrein opgerig. Omdat die aantal leerlinge steeds toegeneem het, is daar in 1948 ses addisionele klaskamers by die nuwe gebou aangebou[9].

Vanaf Julie 1947 het A.J. Koen aan die hoof gestaan[10] tot Desember 1950[11]. J.P. Lombard het vanaf Januarie 1951 waargeneem, totdat G. de Kock vanaf 1 Julie 1951 benoem is as hoof[12].

/Die ..............

---

1. Die ou staatskool tydens die bestaan van die Z.A.R.
2. Koen: Die Presidentskool, artikel in Presidentskool, Gedenkuitgawe, 1949, 22-23.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 2.4.1923.
   Meegedeel deur J.S. Engela.
3. Koen: a.w., 23.
4. Ibid.
5. Ibid.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.8.1923.
6. Koen: a.w., 23.
7. Ibid.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 29.10.1935.
8. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.3.1936.
   Presidentskool, Joernaal, 20.2.1936.
9. Koen: a.w., 23-24.
10. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 34.
    Presidentskool, Kwartaalstaat, 3.10.1947.
11. Presidentskool, a.w., 14.12.1950.
12. Notule Klerksdorpse Skoolraad,24.4.1951.

Die werklike groei en uitbreiding gedurende die afgelope dekade word mooi weerspieël in die volgende tabel, waar die inskrywingsyfers van 1945 tot 1955 aangetoon word[1]:

| Jaar | Hoof | Aantal leerlinge aan die end van die jaar |
|---|---|---|
| 1945 | A.P. du Toit | 761 |
| 1947 | A.J. Koen | 773 |
| 1950 | A.J. Koen | 811 |
| 1951 | G. de Kock | 906 |
| 1952 | G. de Kock | 1004 |
| 1953 | G. de Kock | 1164 |
| 1955 | G. de Kock | 781 |

Na 1953 het die inskrywingsyfer weer verminder, toe beide die Saamtrek- en Stilfonteinse skole van die Presidentskool gedurende 1954 afgestig is[2].

Die lotgevalle van die Presidentskool weerspieël dan ook in 'n groot mate die lotgevalle van die Boerenasie gedurende die afgelope sewe-en-sestig jaar. Die skool het 'n tydperk beleef toe dit klein en swak was en die inskrywing baie laag, omdat Hollands die medium van onderrig was. Ironies genoeg - die ouers het voorkeur gegee aan Engels, en dit tydens die bestaan van die Z.A.R.! Daar was 'n tydperk toe die skool sy naam verloor het en feitlik opgehou het om te bestaan.

Toe die Boerenasie egter weer uit sy wanhoop opstaan, het dit weer gegroei en gebloei tot een van die grootste laerskole in Transvaal. Die skool betree die onbekende toekoms met onwrikbare vertroue, soos dit na vore kom in sy leuse: KEN EN KAN.

h. Regina.

Nadat die skool ongeveer 'n jaar as ondersteunde plaasskool bestaan het, is dit op 10 April 1917 as goewermentskool geopen

/met ........

1. Presidentskool, Kwartaalstate: 14.12.1945; 12.12.1947; 14.12.1950; 14.12.1951; 28.11.1952; 27.11.1953; 14.12.1955.
2. Meegedeel deur G. de Kock, skoolhoof.

met P.J. Lynsky as hoof [1]. Op die openingsdag was daar dertig leerlinge ingeskryf [2]. Die skool was gehuisves in 'n steenlokaal met vier vensters en 'n deur. Die gebou is by D. Berrange gehuur [3].

Die leerlingtal het gedurende 1918 toegeneem, en die skoolkommissie het ernstige vertoë tot die Skoolraad gerig vir die aanstelling van 'n tweede leerkrag [4]. In September 1918 was daar vyf-en-dertig leerlinge ingeskryf [5].

Omdat daar aan die begin van 1919 nog geen addisionele leerkrag benoem is nie, het die skoolkommissie bedank. Die skoolgeboutjie was oorbevolk, aangesien daar ongeveer veertig leerlinge was. 'n Aantal kinders van skoolgaande leeftyd moes toelating geweier word weens die tekort aan akkommodasie [6].

In 1920 het dit 'n tweemanskool geword, toe mej. A.S. Badenhorst tot die personeel toegevoeg is. Gedurende daardie jaar was die gemiddelde inskrywing vyf-en-veertig [7].

J. de V. Joubert het op 18 Mei 1922 hoof geword [8]. In Julie 1922 was daar reeds ag-en-vyftig leerlinge [9].

Op 27 Junie 1924 het J.G. Uys diens aanvaar as hoof [10].

'n Skoolgebou, bestaande uit twee klaslokale, is gedurende 1925 opgerig [11]. Die skooljaar 1925 is afgesluit met ag-en-vyftig leerlinge [12].

Die huidige skoolhoof, N.J. Hurter, het diens aanvaar op 23 Januarie 1934 [13]. Aan die einde van 1934 was daar nege-en-veertig leerlinge [14].

/Nadat .....

---

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 6.3.1917.
   Regina School, Admission Register, 10.4.1917.
2. Regina School, a.w., 10.4.1917.
3. Meegedeel deur N.J. Hurter, skoolhoof.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 6.3.1917.
4. Reginaskool, Joernaal, 27.4.1918.
5. Ibid., 13.9.1918.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.2.1919.
7. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1920, Bijlage XII, ixv.
8. Reginaskool, Joernaal, 18.5.1922.
9. Ibid., 26.7.1922.
10. Ibid., 27.6.1924.
11. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 1.12.1925.
12. Reginaskool, Kwartaalstaat, 11.12.1925.
13. Meegedeel deur N.J. Hurter.
14. Reginaskool, Kwartaalstaat, 14.12.1934.

Nadat die Yzerspruitskool in die begin van 1939 hierheen gesentraliseer is, het dit 'n driemanskool geword. Die personeel het toe bestaan uit N.J. Hurter (hoof), J.P. Lombard (vanaf Yzerspruit hierheen oorgeplaas) en mej. F.M. Hodgsen [1]. Aan die einde van 1939 was daar nog vyf-en-sestig leerlinge [2]. Vanaf die derde kwartaal 1940 het dit weer 'n tweemanskool geword, toe J.P. Lombard oorgeplaas is na die Presidentskool [3].

Gedurende 1947 is 'n derde klaskamer by die skoolgebou aangebou, en in 1949 is 'n magasyn opgerig [4].

Die leerlingtal het gedurende die afgelope dekade weer geleidelik afgeneem. Aan die einde van 1950 het die skool gesluit met een-en-vyftig leerlinge [5]. Vanaf 1 Julie 1952 is die skool gedegradeer van 'n E- na 'n F-laerskool [6]. Aan die einde van 1952 was daar nog vyf-en-veertig leerlinge [7]; dog die aantal het steeds afgeneem, sodat daar aan die einde van 1955 nog slegs sewe-en-twintig leerlinge by die skool ingeskryf was [8].

i. <u>Rhenosterspruit.</u>

In Desember 1916 het mej. Badenhorst aan die skoolraad berig dat 'n gebou vir onderwysdoeleindes opgerig is op 'n stuk grond wat geskenk is deur J.A. Badenhorst. Volgens 'n opname was daar 27 leerlinge wat die skool sou besoek [9].

Op 24 Julie 1917 is die skool geopen as 'n ondersteunde plaasskool [10]. Die gemiddelde inskrywing vir 1917 was 34 met mej. H.I. Nell as leerkrag [11].

/Vanaf ........

---

1. Meegedeel deur N.J. Hurter en J.P. Lombard.
2. Reginaskool, Kwartaalstaat, 8.12.1939.
3. Meegedeel deur N.J. Hurter en J.P. Lombard.
4. Meegedeel deur N.J. Hurter.
5. Reginaskool, a.w., 14.12.1950.
6. Notule, Klerksdorpse Skoolraad, 11.11.1952.
7. Reginaskool, a.w., 28.11.1952.
8. Ibid., 14.12.1955.
9. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.12.1916.
10. Ibid., 5.6.1917; 3.7.1917.
11. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1917, Bijlage XII, xlv.

Vanaf 1 Januarie 1918 was dit 'n goewermentskool [1]. Gedurende 1918 was daar reeds 35 leerlinge by die skool ingeskryf [2].

In 1919 het dit 'n tweemanskool geword met J.S. Groenewald as hoof en mej. H.I. Nell as assistente. Die leerlingtal het gedurende daardie jaar aangegroei tot 37 [3].

Gedurende 1920 het die Onderwysdepartement 'n skoolgebou opgerig, en J.A. Badenhorst het die ou gebou terug ontvang [4].

Nadat T.S. Pollard in 1928 hoof van die skool was [5], is D.P. Jonker in 1929 in dié hoedanigheid aangestel [6].

In 1938 het die hoof, D.P. Jonker, berig dat die aantal leerlinge baie afgeneem het [7].

Die nuwe skoolgebou en onderwyserswoning is vanaf 2 April 1940 in gebruik geneem [8]. Aan die einde van die vierde kwartaal 1940 was daar weer 167 leerlinge by die skool ingeskryf [9].

Omdat die skool se leerlingtal tot 184 in 1944 toegeneem het [10], het dit nodig geword om vir addisionele akkommodasie voorsiening te maak. In dieselfde jaar is die tender van Dienaar en Rebel van £1250 vir die aanbou van klaskamers aangeneem [11].

Vanaf 1947 het die skool groot las en ongerief moes verduur van die sand van die naby liggende mynhoop wat oor die geboue gewaai word [12].

D.P. Jonker het aan die einde van 1951 as hoof bedank [13]. Die inskrywing aan die end van 1951 was nog 166 [14].

S.J. Kruger het in Junie 1952 hoof van die skool geword [15].

/Nadat .......

---

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.9.1917.
2. T.E.D.: Report 31.12.1918, Appendix XII, xlviii.
3. Ibid., 31.12.1919, Appendix XII, lv.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.8.1920.
5. T.O.D.: Jaarverslag 31.12.1928, Bylae XI, 139.
6. Ibid., 31.12.1929, Bylae IX, 149.
7. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.6.1938.
8. Ibid., 2.4.1940.
9. Rhenostersprūit, Kwartaalstaat, 13.12.1940.
10. Ibid., 13.12.1944.
11. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.10.1944.
12. Ibid., 6.5.1947.
13. Ibid., 11.9.1951.
14. Rhenostersprūit, a.w., 14.12.1951.
15. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 9.6.1952.

Nadat C.G.J. de la Port gedurende die laaste kwartaal van 1953 en eerste helfte van 1954 waargeneem het[1], is J.C. Retief in 1954 as hoof aangestel[2].

Die leerlingtal het gedurende die afgelope paar jaar weer begin afneem, sodat daar aan die end van 1955 nog 117 leerlinge ingeskryf was, en hulle het onderwys ontvang van 4 leerkragte[3].

j. Roodepoort.

Op 2 Augustus 1909[4] is die skool met 32 leerlinge geopen[5]. Die skool is aanvanklik geopen onder sorg van die Ventersdorp-se Skoolraad, en G.P. v an den Broeck was skoolhoof[6].

Gedurende 1913 was die gemiddelde inskrywing 46, en mej. A.E. Brandt het as leerkrag bygekom[7].

Die gemiddelde inskrywing was gedurende 1916 reeds 72 met G.P. van den Broeck en mej. M.C. van Beck as leerkragte[8]. Die gemiddelde inskrywing het gedurende die volgende jaar, 1917, weer gedaal na 59. P.S. du Toit was toe hoof, met G.P. van den Broeck as assistent[9].

In 1921 was S.H.J. van Vuuren aan die hoof van die skool met 'n gemiddelde inskrywing van 33. Die skool is toe gedegradeer van 'n tweeman- na 'n eenmanskool[10]. S.H.J. van Vuuren is gedurende 1921 opgevolg deur M.J. Venter[11].

Die aantal leerlinge het gedurende die twintiger jare weer so toegeneem dat die skool op 19 Januarie 1926 kon open met 59 kinders[12].

Tot so laat as 1931 was die skoolgebou in 'n treurige toestand. Die mure was vuil en die verf aan die houtwerk het reeds

/erg .....

1. Rhenosterspruit, Kwartaalstate, 27.11.1953; 26.3.1954; 25.6.1954.
2. Ibid., 24.9.1954.
3. Ibid., 14.12.1955.
4. Volgens T.E.D.: Report 30th June, 1910, Appendix IV, 320, is die skool op 3 Augustus geopen.
5. Roodepoort School, Admission Register, 1909.
6. T.E.D.: Report 30th June, 1910, Appendix IV, 320.
7. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1913, Bijlage IV, 279.
8. T.E.D.: a.w. 31.12.1916, Appendix X, lxxii.
9. T.O.D.: a.w., 31.12.1917, Bijlage XII, lxxxii.
10. Ibid., 31.12.1920, Bijlage XII, cxv.
11. Meegedeel deur L.E. Boon, skoolhoof.
12. Roodepoortskool, Joernaal, 19.1.1926.

afgeskilfer. Inspekteur J.G. de Vos het dan ook ten sterkste aanbeveel dat die skool opgeknap moes word[1].

Nadat die skole te Witrandsfontein en Doornfontein gedurende die begin van 1938 na Roodepoort gesentraliseer is, kon dit op 19 April 1938 met 101 leerlinge open[2]. Roodepoort is egter offisieel as sentrale skool geopen op 25 April 1948[3]. Hierna sou dit onder die sorg van die Potchefstroomse Skoolraad geplaas word[4].

Nadat daar op 31 Augustus 1939 104 leerlinge was[5], was daar op 5 Augustus 1941 nog slegs 78[6].

Die ondoeltreffende huisvesting van die skool is in 1944 verbeter, toe twee klaslokale, 'n portaal en twee toegeruste waskamers gebou is[7].

Die huidige skoolhoof, L.E. Boon, het diens aanvaar op 29 Julie 1947[8]. Gedurende dieselfde jaar is dit onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad geplaas[9].

Vanaf September 1950 het dit 'n tweemanskool geword met 58 leerlinge[10], dog op 16 Januarie 1951 kon met 60 leerlinge geopen word en het dit weer 'n driemanskool geword[11]. Op 16 Oktober 1951 was daar reeds weer 73 leerlinge[12]. Die leerlingtal het weer begin afneem. Vanaf 31 Januarie 1953 het dit weer 'n tweemanskool geword met 50 leerlinge[13]. In Junie 1955 is die skool verder gedegradeer vanaf 'n P.E.- na 'n P.F.-skool[14]. Aan die einde van 1955 was daar nog 44 leerlinge wat onderwys

/ontvang ....

---

1. Roodepoortskool, Joernaal, 24.8.1931.
2. Ibid., 19.4.1938.
3. Ibid., 25.4.1938.
4. Ibid., 20.6.1939.
5. Ibid., 31.8.1939.
6. Ibid., 5.8.1941.
7. Ibid., 12.8.1942 en 16.3.1944.
8. Ibid., 29.7.1947.
   Meegedeel deur L.E. Boon.
9. Roodepoortskool: a.w., 18.11.1947.
   Meegedeel deur L.E. Boon.
10. Roodepoortskool: a.w., 5.9.1950.
11. Ibid., 16.1.1951.
12. Ibid., 16.10.1951.
13. Ibid., 23.1.1953.
14. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 30.6.1955.

ontvang het van twee leerkragte[1].

k. Saamtrek.

As gevolg van die hoë inskrywing by die Presidentskool het dit nodig geword om 'n skoolgebou op te rig om aan die behoeftes van die vinnige uitbreiding van die Wilkoppiesdorpsgebied te voldoen. Dit sou dan in 'n groot mate die Presidentskool onthef van akkommodasiemoeilikhede, en die inskrywingsyfer, wat toe reeds meer as duisend beloop het, verminder[2].

Die Onderwysdepartement het in 1953 die oprigting van die skool op Wilkoppies in beginsel goedgekeur[3].

Tydelike geboue is opgerig, en J.P. Malan het vanaf 1954 die skool begin as waarnemende hoof[4]. Aan die einde van 1954 het die skool op Wilkoppies reeds 260 leerlinge gehad[5].

Op 1 Januarie 1955 het P.W. Lötz diens aanvaar as die skool se eerste permanente hoof[6]. Die aantal leerlinge het in 1955 so vinnig aangegroei dat daar akkommodasiemoeilikhede ontstaan het. In Junie 1955 is 'n tender aangeneem van die "Fabricated Manufacturing Company" ten bedrae van £3,830 vir die oprigting van twee klaslokale vir die grade, 'n kunskamer, 'n gewone klaslokaal en 'n magasyn[7].

In September 1955 het die Onderwysdepartement toegestem om die skool voortaan te laat bekend staan as die Saamtrekskool[8].

Die Saamtrekskool het die skooljaar van 1955 afgesluit met 325 leerlinge wat deur nege leerkragte onderrig is[9].

l. Schoonspruit.

Die skool, geleë in die Ventersdorpse magistraatsdistrik, vind sy oorsprong in die ou Palmietfonteinskool, wat reeds in

/Julie .....

1. Roodepoortskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.8.1952.
3. Ibid., 20.1.1953.
4. Ibid., 16.3.1954.
5. Wilkoppiesskool, Kwartaalstaat, 10.12.1954.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1954.
7. Ibid., 30.6.1955.
8. Ibid., 30.9.1955.
9. Saamtrekskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.

Julie 1882 geopen is met J. Wilkens as hoof. J. Wilkens het die pos as hoof van die skool beklee tot die uitbreek van die Engelse oorlog in 1899. Volgens die „Verslag der Ondersteunde School" te Palmietfontein vir die kwartaal 1 Oktober tot 30 November 1888 was daar 48 leerlinge, terwyl daar op die kwartaalstaat van Januarie tot Maart 1899 slegs 26 voorkom[1). J. Wilkens het skoolgehou in 'n steengebou[2) wat terselfdertyd ook as onderwyserswoning gedien het[3).

Nadat dit tydens die Engelse oorlog gesluit was, het mev. Bands, wat aan die hoof gestaan het tot die einde van 1904, die skool na die oorlog heropen in dieselfde gebou wat as skoolgebou diens gedoen het tydens die jare van die Z.A.R. Mej. Sarie Keet het mev. Bands op 1 Januarie 1905 opgevolg as hoof. Mej. Keet was bygestaan deur J. Stickland. Op 1 September 1905 het John Eadie, 'n Engelsman, hoof van die skool geword, met mej. S. Keet as assistente[4). Op 8 November 1905 was daar 38 leerlinge ingeskryf[5).

Die eerste skoolkommissie is verkies op 18 Februarie 1906[6).

Op 12 Desember was daar 24 leerlinge ingeskryf[7), en op 14 September 1909 was daar reeds 45 leerlinge[8). Die leerlingtal het steeds toegeneem, en op 1 Februarie 1913 was daar 50 kinders[9).

Na die amalgamasie van die skole van Palmietfontein en Buffelsvlei is die huidige Schoonspruit-Sentrale skool geopen op 20 Januarie 1914 met 102 leerlinge. Aan die personeel was toe verbonde: John Eadie (hoof), A. le Roux de Wet (gewese hoof van Buffelsvleiskool) en mejj. Sarie Keet en H. Staines[10).

/Die .........

---

1. Besonderhede wat deur die Assistent-Hoofargivaris per brief (20.10.1937) verstrek is aan P.J. Strydom.
2. Die oorspronklike skoolgebou doen tans diens as 'n Indiërwinkel.
3. Meegedeel deur P.J. Strydom, hoof van die skool sedert 1932.
4. Schoonspruitskool, Joernaal, 1.3.1906.
5. Ibid., 8.11.1905.
6. Ibid., 1.3.1906.
7. Ibid., 12.12.1906.
8. Ibid., 14.9.1909.
9. Ibid., 1.2.1913.
10. Ibid., 20.1.1914.

Die skool het steeds gegroei. Op 16 November 1916 was daar 130 leerlinge[1]. Op 19 Maart 1917 het dit 'n vyfmanskool geword, toe mej. M. Winterbach tot die personeel toegevoeg is[2]. Op 20 April 1917 was daar 142 leerlinge ingeskryf[3].

Gedurende 1921 was daar 'n st. 7-klas aan die skool verbonde[4]. Die skool het egter gedurende daardie jare reeds die hoogtepunt van sy golf van voorspoed beleef en sou gedurende die daaropvolgende jare 'n kreeftegang gaan. Omdat daar aan die einde van 1924 nog slegs 86 leerlinge die skool bygewoon het, is dit op 27 Januarie 1925 gedegradeer tot 'n driemanskool[5].

Toe P.J. Strydom, die huidige hoof, op 5 Oktober 1932 in dié hoedanigheid diens aanvaar het, is die skool verder gedegradeer tot 'n tweemanskool, omdat daar toe slegs 64 leerlinge was. Mej. Winterbach was assistente[6].

Die aantal leerlinge het weer begin toeneem. Nadat daar aan die einde van 1937 weer 78 leerlinge was[7], is die skool op 1 Februarie 1933 weer verhef tot 'n driemanskool[8].

Op 5 Augustus 1941 het dit weer 'n tweemanskool geword met 53 leerlinge op die register[9].

Die Schoonspruitskool is onder die sorg van die Skoolraad van Potchefstroom geplaas toe die Skoolraadskantoor van Ventersdorp op 31 Augustus 1943 gesluit is[10]. Gedurende die laaste helfte van 1947 is dit oorgedra aan die Klerksdorpse Skoolraad[11].

Op 3 Desember 1951 is die skool se status weer verhoog, en dit het weer 'n driemanskool geword[12]. Daar was toe 67 /leerlinge ....

1. Schoonspruitskool, Joernaal, 16.11.1916.
2. Ibid., 19.3.1917.
3. Ibid., 20.4.1917.
4. Ibid., 6.1.1922.
5. Ibid., 27.1.1925.
6. Ibid., 5.10.1932.
7. Schoonspruitskool, Kwartaalstaat, 10.12.1937.
8. Schoonspruitskool, Joernaal, 1.2.1933.
9. Ibid., 5.8.1941.
10. Omsendbrief van die Ventersdorpse Skoolraadsekretaris, F. Wandrag, 27.7.1943.
11. Schoonspruitskool, Kwartaalstaat, 3.10.1947.
12. Schoonspruitskool, Joernaal, 3.12.1951.

leerlinge[1].

Die leerlingtal het egter vanaf 1952 weer 'n geleidelike afname getoon, met die gevolg dat die skool andermaal gedegradeer moes word tot 'n tweemanskool. Dit het dan ook geskied op 1 April 1955[2]. Aan die einde van 1955 was daar 45 leerlinge ingeskryf[3].

m. Sterkstroom-Wes.

Reeds gedurende die latere jare van die Zuid-Afrikaanse Republiek het daar op Sterkstroom 'n gesubsidieerde plaasskool bestaan. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 is die skool gesluit; dog dit het direk na die oorlog heropen as goewermentskool, in 'n markeetent, met twee Engelse leerkragte en ongeveer veertig leerlinge[4].

Toe die C.N.O.-beweging sterk op die voorgrond begin tree het, het die skool in die begin van 1907 'n privaatskool geword nadat die mense die goewermentskool bestry het. Die skoolgeboutjie, met slegs een lokaal, was gebou van roustene en was voorsien van 'n rietdak. Miere het hul intrek in die dak geneem, met die gevolg dat grond en sand gedurig op die meubels, boeke, leerlinge en onderwyser neergesif het. Die meubels, waarvan die ouers self sommiges vervaardig het, was ondoeltreffend. Die onderwyser se lessenaar het bestaan uit 'n paar planke wat op vier voet hoë populierpale vasgespyker was. Die leer- en leesboeke het bestaan uit die Bybel, Psalmboek en enkele verouderde leesboeke[5]. Aan die hoof van die privaatskool was ene Venter, wat weer deur A. Roscher opgevolg is. Die bestaan van die privaatskool was egter kort van duur.

Omdat die ouers nie in staat was om gereeld vir die onderwys van hulle kinders by te dra nie, is daar gedurende dieselfde /jaar .........

1. Schoonspruitskool, Kwartaalstaat, 14.12.1951.
2. Meegedeel deur P.J. Strydom, hoof van die skool.
3. Schoonspruitskool, a.w., 14.12.1955.
4. Meegedeel deur mev. S.J. de Kock.
5. Sterkstroom-Wes, Joernaal, 23.7.1907.
   Ibid., 1.7.1916.

jaar nog besluit om die skool weer oor te dra aan die goewerment. Op 23 Julie 1907 het dit as goewermentskool geopen met 37 leerlinge. Johan Schutte het toe hoof geword[1].

Op die openingsdag in Januarie 1908 was daar slegs 22 leerlinge aanwesig[2]; dog die aantal het weer toegeneem, sodat daar op 8 Januarie 1909 47 was[3].

Intussen het die hoof en leerlinge hulle intrek geneem in 'n ou skuur met nat vloere, die eiendom van J.D. Venter[4].

Gedurende Maart 1909 het die landmeter die grond uitgemeet vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou[5]. Op 4 Maart 1911 het die twee leerkragte met meer as veertig leerlinge hulle intrek geneem in die huidige klipskoolgebou, wat toe uit twee klaslokale bestaan het[6].

Op die openingsdag op 21 Januarie 1917 was daar reeds 72 leerlinge by die skool ingeskryf[7].

F.J.J. de Kock het Schutte in 1916 as hoof opgevolg. Gedurende dieselfde jaar is 'n lokaal by die skoolgebou aangebou en het dit 'n driemanskool geword[8].

Die skool het in 1918 sy hoogtepunt bereik ten opsigte van die leerlingtal. Gedurende dieselfde jaar was daar dan ook sterk sprake om 'n vierde leerkrag tot die personeel toe te voeg. Die toename van die aantal leerlinge gedurende 1918 blyk duidelik uit die volgende tabel[9]:

| Datum | Aantal leerlinge |
|---|---|
| 22.1.1918 | 90 |
| 1. 3.1918 | 95 |
| 17.5.1918 | 101 |

/Vanaf ......

1. Sterkstroom-Wes, Joernaal, 23.7.1907.
2. Ibid., Januarie 1912.
3. Ibid., 8.1.1909.
4. Ibid., 1.7.1916.
   Meegedeel deur F.J.J. en S.D. de Kock.
5. Sterkstroom-Wes, a.w., 26.3.1909.
6. Ibid., 4.3.1911.
7. Ibid., 21.1.1916.
8. Ibid., 10.10.1916.
   Meegedeel deur F.J.J. de Kock.
9. Sterkstroom-Wes, a.w., 22.1.1918; 1.3.1918; 17.5.1918.

Vanaf 1920 was daar egter weer 'n geleidelike afname in die leerlingtal, soos dit uit meegaande tabel sal blyk [1]:

| Datum | Aantal leerlinge |
|---|---|
| 20.1.1920 | 86 |
| 26.6.1925 | 88 |
| 11.4.1930 | 77 |
| 13.12.1935 | 70 [2] |
| 16.1.1940 | 45 |
| 18.1.1945 | 62 |
| 14.12.1950 | 55 |
| 14.12.1955 | 38 |

Nadat F.J.J. de Kock aan die einde van 1938 uit die diens getree het, is hy vanaf Januarie 1939 opgevolg deur S.D. de Kock [3].

Die skool is geleë in die Ventersdorpse magistraatsdistrik; dog in 1947 is dit onder die beheer van die Klerksdorpse Skoolraad geplaas [4].

S.D. de Kock het in permanente hoedanigheid aan die hoof van die skool gestaan tot aan die einde van 1954. W.C. Swanepoel was vanaf Januarie 1955 tot 30 September tydelik hoof. S.D. de Kock was weer tydelike hoof gedurende die vierde kwartaal van 1955 [5]. Vanaf Januarie 1956 beklee D.J. de Beer die pos as hoof van die skool met mev. A.S.J. Labuschagne as tydelike assistente [6].

n. Stilfontein.

Voorsiening van onderwys het ook gedurende die vyftiger jare nodig geword vir die myndorp Stilfontein.

/In .......

1. Sterkstroom-Wes, Joernaal, 20.1.1920; 26.6.1925; 11.4.1930; 13.12.1935; 16.1.1940; 18.1.1945.
   Sterkstroom-Wes, Kwartaalstate: 14.12.1950; 14.12.1955.
2. Sterkstroom-Wes, Joernaal, 20.1.1936.
   Die skerp daling is daaraan te wyte dat 'n groot aantal bywoners na elders getrek het na die verdeling van die grond.
3. Ibid., 9.12.1938.
   Meegedeel deur F.J.J. en S.D. de Kock.
4. Meegedeel deur S.D. de Kock.
   Sterkstroom-Wes, Kwartaalstate, vanaf 1947.
5. Meegedeel deur S.D. de Kock.
   Sterkstroom-Wes, Kwartaalstate, 1.4.1955; 1.7.1955; 30.9.1955; 14.12.1955.
6. Meegedeel deur die Sekretaris, Klerksdorpse Skoolraad en D.J. de Beer, skoolhoof.

In 1952 het die Administrasie opdrag aan die Rustenburgse bouinspekteur gegee om 'n skoolgebou op Stilfontein op te rig teen 'n beraamde koste van £44,725 [1].

Alhoewel daar in 1954 nog aan die skoolgebou gewerk is, het dit vanaf Januarie 1954 die gradeklasse met 108 leerlinge gehuisves [2]. Mev. M.M.H. de Villiers, tydelike prinsipale, is gedurende die eerste kwartaal van 1954 bygestaan deur vier tydelike assistentes. Op 26 Maart 1954 was daar 130 gradeleerlinge ingeskryf [3]. Vanaf die derde kwartaal 1954 is leerlinge vanaf st. 1 tot en met st. 4 ingeskryf met P.F. de Wet as waarnemende hoof. Gedurende die derde kwartaal was daar reeds 451 leerlinge wat onderwys ontvang het van 13 tydelike leerkragte [4].

J.J.P. Ackerman, die huidige skoolhoof, is op 2 Augustus 1955 aangestel [5].

Omdat die aantal leerlinge in 1955 in so 'n mate toegeneem het dat die skoolgebou nie almal kon huisves nie, moes daar voorsiening gemaak word vir addisionele akkommodasie. 'n Tender van "Fabricated Steel Manufacturing Company" is in Augustus aangeneem vir die oprigting van 6 klaskamers teen 'n koste van £3,637 [6].

Gedurende die laaste kwartaal van 1955 was daar reeds 798 leerlinge ingeskryf wat onderwys ontvang het van 24 leerkragte [7].

o. Unieskool.

Die eerste skool in Klerksdorp, en wel in die onderste deel van Oudorp, is geopen deur Nicolas van Herwaarde in 'n klein kleigeboutjie met 'n grasdak [8].

/Op .......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 21.10.1952.
2. Ibid., 25.1.1954.
3. Stilfonteinskool, Kwartaalstaat, 26.3.1954.
4. Ibid., 24.9.1954.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 30.6.1955.
6. Ibid., 16.8.1955.
7. Stilfonteinskool, a.w., 14.12.1955.
8. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
   Ongelukkig kon geen datums opgespoor word nie.

Op 17 Junie 1876 het die voorsitter van die skoolkommissie, B.H. Swart, 'n skrywe aan W. van Gorkum gerig waarin hy die Superintendent versoek het om C.W.E.J. Eekhout as onderwyser van die wykskool te Klerksdorp aan te stel[1]. Hy het op 11 Julie 1876 diens aanvaar. Op 1 Augustus 1876 was daar 26 leerlinge in die skool[2]. Die algemene onderwystoestande het veel te wense oorgelaat, en Eekhout het op 12 Augustus 1876 aan die Superintendent berig: „Ronduit moet ik u zeggen het mij niet medegevallen is met de school en verdiensten, de boeren zijn voor het grootste gedeelte tegen op het schoolgeld ...."[3].

Thomas Leask het op 12 Oktober 1876 die Onderwysdepartement versoek om aan C.W.E.J. Eekhout eervolle ontslag te verleen as onderwyser vanweë huislike omstandighede[4].

Die sekretaris van die skoolkommissie, T. Leask, het op 4 Oktober 1877 aan Van Gorkum berig dat daar nog onderwys gegee word aan 19 kinders[5].

Die leerlingtal was in Junie 1879 45 en het gedaal tot 16 in Desember 1879, terwyl C.W. Nelson toe hoof was[6].

L.E. Dreyer, wat intussen hoof van die skool geword het, is vanaf April 1893 opgevolg deur P.B. Schutte. Op 25 Oktober 1893 was daar nog 27 leerlinge in die skool[7].

Na die stigting van die President Publieke School" het die skool nog 'n kort periode voortbestaan en uiteindelik gesluit[8].

Oudorpskool, wat voortaan bekend sou staan as die Lawley-

/skool ........

1. O.D. 1/1: Brief No. 168, 17.6.1876.
2. O.D. 1/1: Brief No. 197. „Staat van Gouvernements School te Klerksdorp vanaf 11 July 1876 tot 1 Augustus 1876".
3. O.D. 1/1: Brief No. 206, 12.8.1876.
4. O.D. 1/1: Brief No. 256, 12.10.1876.
5. O.D. 1/2: Brief No. 175, 4.10.1877.
6. O.D.119/1: Skoolverslae 1876-1885.
7. Verslag van de Schoolinspectiën, 4de kwartaal 1893, 46-47.
8. O.D. 332. Die skool, Oudorpskool, kom nie voor in die Register van dorp- en wykskole vanaf 1895 nie.
   O.R. 4183/98: Brief, 16.3.1898.
   'n Versoek is aan die Onderwysdepartement gerig deur die ouers van Oudorp om 'n skool vir hulle te open.

skool, is na 1902 heropen in die ou kerkgebou van die Hervormde-gemeente as deel van die Presidentskool, met H.J. Freeman as hoof[1].

Die „Good Hope"skool[2], wat op 28 Maart 1908 geopen is[3], het in 1912 met die Lawleyskool geamalgameer[4].

In 1928 het die Lawleyskool as selfstandige Afrikaansmediumlaerskool van die Presidentskool afgestig met die volgende leerkragte: J.S. Engela (hoof), A.H. Lubbe, mejj. Teengs, Blake en Wronsky[5]. Gedurende dieselfde jaar is die naam verander na Unieskool[6]. Daar was toe 171 leerlinge ingeskryf[7]. J.S. Engela was hoof, en A.H. Lubbe en mejj. R.W. Blake, L. Wronsky en A.J. Teengs was leerkragte[8]. Aanvanklik was die skool gehuisves in 'n klein en bouvallige geboutjie met vier klaslokale, 'n waskamer en 'n klein kantoortjie[9].

J.S. Engela het aan die hoof gestaan tot Desember 1948. In 1949 is hy opgevolg deur C.J. Pretorius[10].

Die huidige hoof, C.T.J. van der Walt, is in 1952 as hoof aangestel na die vertrek van C.J. Pretorius[11].

Die werklike groei van die skool, veral na 1950, word die

/beste ..........

---

1. Meegedeel deur J.S. Engela.
   Du Plessis: Uit die verlede 1922-1947 in K.H.S.: Gedenkuitgawe, 1947, 21.
   Koen: Die Presidentskool, 1889-1949, in Presidentskool, Gedenkuitgawe, 1949, 22.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.2.1908.
   Die „Christelike Vereniging", 'n godsdienstige seksie, wou"hulle deur geen onderwyswet laat bind nie en wou hulle kinders volgens hulle eie sienswyses laat opvoed.
   Guest: Voortrekkerdorp, 105-106.
   „Der Christelijke Vereniging van Zuid-Afrika" is in 1892 op Klerksdorp gestig deur P.A. Swanepoel.
3. T.E.D.: Report 30.6.1908, Appendix 11, 166.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 23.4.1912; 21.5.1912; 18.6.1912 en 20.8.1912.
5. Presidentskool, Joernaal, 3de kwartaal 1928.
6. Koen: Die Presidentskool, 1889-1949, in Presidentskool, Gedenkuitgawe, 1949, 23.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 6.3.1928; 5.6.1928.
   Meegedeel deur J.S. Engela.
7. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1928, Bylae XI, 139.
8. Meegedeel deur J.S. Engela.
9. Idem.
10. Idem.
11. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 9.10.1951 en 9.6.1952.

beste aangedui wanneer daar gelet word na die toename van die leerlingtal.

In die volgende tabel word die inskrywingsyfers vir die afgelope dekade, soos dit aan die end van die vierde kwartaal was, aangetoon[1]:

| Jaar | Inskrywing |
|---|---|
| 1945 | 411 |
| 1950 | 604 |
| 1955 | 849 |

p. Western Reefs English Medium.

Die Klerksdorpse Skoolraad het in Junie 1951 besluit om die Departement te versoek om 'n tweede laerskool in Orkney op te rig ten einde tred te hou met die snelle uitbreiding van die dorp. Die algemene gevoel was om 'n Engelsmediumskool te open, aangesien in Junie 1951 147 leerlinge uit die totale inskrywing van 475 in Orkneyskool Engelssprekend was[2].

Aan die einde van 1952 het Orkneyskool 521 leerlinge gehad[3] en 'n tweede laerskool het noodsaaklik geword.

Die Skoolraad het die Departement gevra om 'n skoolgebou wat akkommodasie aan 300 leerlinge sou bied, op te rig om in gebruik geneem te word vanaf Januarie 1954[4].

Nadat die Departement ingewillig het om 'n tydelike gebou in 1953 op te rig[5], het die Raad sy voorkeur te kenne gegee vir die oprigting van 'n permanente gebou in 1954. Hieraan is voldoen[6].

Die Western Reefs Engelsmediumskool het van Orkney afgestig en op 27 Julie 1954 as selfstandige skool geopen met J.C. Ferreira as hoof[7].

/Die ........

1. Unieskool, Kwartaalstate, 14.12.1945; 14.13.1950; 14.12.1955.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.6.1951.
3. Orkneyskool, Kwartaalstaat, 28.11.1952.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.1.1953.
5. Ibid., 17.3.1953.
6. Ibid., 19.5.1953.
7. Ibid., 17.8.1954.

Die leerlingtal het van 154 aan die einde van 1954 vermeerder tot 219 aan die einde van 1955 [1].

q. Wolverand.

Wolverandskool is op 5 Mei 1909 geopen deur C.J. Stander (waarnemende hoof) met 12 leerlinge [2]. Die heer Strydom het die skoollokaal, 26' x 12', gratis tot die beskikking van die Skoolraad gestel [3].

Die eerste skoolkommissielede was: P. Naude, O.A. Oosthuizen, S. Strydom jnr., C. Blom en D. Baird [4].

In Augustus 1910 het die skoolkommissie berig dat daar 'n groot tekort aan akkommodasie bestaan en dat daar reeds 41 leerlinge by die skool ingeskryf is [5]. Die skoolgebou was ook totaal ondoeltreffend, en die distriksgeneesheer het daarteen beswaar gemaak dat die gebou gebruik word vir onderwysdoeleindes [6].

Die hoof, C.J. Stander, en leerlinge kon in Januarie 1912 intrek neem in 'n nuwe skoolgebou wat 48 leerling kon huisves [7]. Gedurende dieselfde jaar het dit 'n tweemanskool geword, toe H.C. Steenkamp bygekom het as leerkrag. Die gemiddelde inskrywing vir 1912 was 40 [8].

Omdat die aantal leerlinge steeds toegeneem het - die gebou was oorspronklik opgerig om 48 leerlinge te huisves - het die skoolkomitee die Raad versoek om klaslokale aan te bou. In April 1916 was daar reeds 60 leerlinge [9].

Die leerlingtal het na 1916 egter weer 'n dalende neiging getoon, sodat daar in 1920 nog 47 leerlinge was met C.J. Stander (hoof) en F.J. Roos as leerkragte [10].

/C.J.H. ......

1. Western Reefs English Medium, Kwartaalstate, 10.12.1954; 14.12.1955.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.5.1909. T.O.D.: Jaarverslag, 30.6.1909, Aanhangsel IV, 205.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 16.3.1909.
4. Ibid., 5.7.1909.
5. Ibid., 10.8.1910.
6. Ibid., 15.11.1910.
7. Ibid., 16.1.1912.
8. T.O.D.: a.w., 31.12.1912, Bijlage V, 361.
9. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 25.4.1916.
10. T.O.D.: a.w., 31.12.1920, Bijlage XII, lxv.

C.J.H. de Kock het C.J. Stander in 1934 as hoof opgevolg[1].

Die aantal leerlinge het met die verloop van jare altyd verminder, sodat daar aan die einde van 1954 nog 35 was. D.P. Jonker het C.J.H. de Kock vanaf 1 Julie 1954 in tydelike hoedanigheid as hoof opgevolg[2].

Aan die einde van die vierde kwartaal 1955 was daar nog slegs 29 leerlinge by die skool ingeskryf[3].

Inrigtings in die Klerksdorpse distrik wat middelbare onderwys **verskaf.**

a. Hartebeestfonteinse Intermediȇre skool[4].

In 1907 is daar, kragtens die bepalings van die Smuts-onderwyswet, 'n sekondêre afdeling tot die skool op Hartebeestfontein toegevoeg. Gedurende 1907 was daar ag st. 7-leerlinge by die skool ingeskryf, terwyl daar in die volgende jaar drie st. 8-leerlinge was[5]. Die skoolkomitee het aan die begin van 1908 die Klerksdorpse Skoolraad versoek om vertoë tot die Onderwysdepartement te rig om die sekondêre afdeling permanent by die skool in te skakel[6]. Na 1908 het die sekondêre afdeling, volgens die klassifikasies van leerlinge wat daarna in die skooljoernaal aangeteken is, weggeval.

Die eerste groepie middelbare leerlinge is eers weer in 1920 tot die skool toegelaat. Op 15 Oktober 1920 was daar nege st. 6- en drie st. 8-leerlinge[7].

In 1921 is slegs st. 6-leerlinge toegelaat. Op 18 Oktober 1921 was daar slegs tien st. 6-leerlinge[8], dog die aantal st. 6-leerlinge het geleidelik toegeneem, sodat daar aan die einde van 1930 twee-en-twintig was[9].

/Die .......

---

1. T.E.D.: Report 31.12.1934, Appendix IX, 111.
2. Wolverandskool, Kwartaalstaat, 14.12.1954.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.5.1954.
3. Wolverandskool: a.w., 14.12.1955.
4. 'n Kort historiese oorsig van die skool in sy geheel is reeds hierbo gegee op bladsye 186-189. Hier word slegs gehandel oor die middelbare afdeling wat aan die skool verbonde is.
5. Hartebeestfontein School, Admission Register, 1907-1908.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.3.1908.
7. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 15.10.1920.
   Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 33.
8. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 18.10.1921.
9. Ibid., 11.12.1930.

Die eerste st. 7-leerlinge, na die groepie van 1920 is weer vanaf die begin van 1933 tydens die hoofskap van J. van Oostrum tot die skool toegelaat [1]. Die leerlinge is onderrig in die volgende skoolvakke: Afrikaans, Engels, Matesis, Geskiedenis, Algemene Natuur Wetenskap en Duits. Die inspekteur van onderwys was egter van mening dat die leerlinge wat van plan was om te matrikuleer, na die Klerksdorpse Hoërskool moes gaan [2]. Daar was op 23 Januarie 1934 sewentien st. 7-leerlinge [3].

In Januarie 1936 is die eerste st. 8-klas sedert 1908 tot die skool toegevoeg [4]. Die klassifikasie van leerlinge in die sekondêre afdeling vir die kwartaal eindigende 11 Desember 1936 was [5]:

| St. 6 | St. 7 | St. 8 | Totaal |
|---|---|---|---|
| 17 | 14 | 14 | 45 |

Sedert 1936 was Hartebeestfontein dan 'n volwaardige intermediêre skool. In die volgende tabel word die aantal leerlinge in die sekondêre afdeling vanaf 1947 aangetoon [6]:

| Datum | Aantal leerlinge | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | St. 6 | St. 7 | St. 8 | |
| 12.12.1947 | 35 | 29 | 26 | 90 |
| 14.12.1950 | 29 | 16 | 9 | 54 |
| 14.12.1955 | 41 | 25 | 16 | 82 |

b. Klerksdorpse Hoërskool.

(1) Stigting en die eerste jare van sy bestaan 1921-1925.

In 1921 het die Klerksdorpse Hoërskool ontwikkel uit die "Upper Milner"-skool.

'n Gedenkwaardige gebeurtenis in die geskiedenis van die Klerksdorpse middelbare onderwys is toe J.S. Engela in Augustus

/1921 .......

1. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 17.1.1933.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.4.1933.
3. Hartebeestfonteinskool, a.w., 23.1.1934.
4. Ibid., 20.1.1936.
5. Register van daaglikse skoolbesoek, Kwartaal eindigende 11.12.1936.
6. Hartebeestfonteinskool, Kwartaalstate, 12.12.1947; 14.12.1950; 14.12.1955.

1921 as waarnemende hoof van die hoërskool aangestel is. Hy is bygestaan deur die volgende leerkragte: J.A. de Kock, W.F. du Plessis, mev. R. Hamilton, S.J.B. le Roux, J.A.G. Retief en S.F. Rossouw[1]. Op 11 Oktober het die eerste Beherende Liggaam, waarop gedien het di. P.A. Theron (voorsitter) en Z.H. van der Westhuizen, menere A.P. Benade, P.R. Kock, H.L.M. Leibbrandt, W. Wilkens, H. Brown, J.H. van Ryneveld en J.S. Smit, vergader[2].

Na die stigting van die hoërskool het die leerlingtal, soos uit onderstaande tabel baie duidelik blyk, vinnig begin toeneem[3]:

| Jaar | Aantal leerlinge in verkillende standerds | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | St. 7 | St. 8 | St. 9 | St. 10 | |
| Desember 1920 | 49 | 17 | 11 | 3 | 80 |
| Maart 1922 | 59 | 41 | 18 | 5 | 123 |

S.R. Ackerman het op 1 Februarie 1922 diens as hoof aanvaar. Hy is bygestaan deur W.F. du Plessis (die huidige hoof), J.A. de Kock, C.D. Keet, S.J.B. le Roux, mej. Gough en mev. R. Hamilton. Die skool was toe nog gehuisves in die huidige gebou van die Suid-Afrikaanse Polisie, wat dit nie kon akkommodeer nie. Tydelike klaskamers moes elders gehuur word. Een van die klaskamers was 'n graanskuur „waar die rotte na hartelus baljaar het"[4].

Die Klerksdorpse Hoërskool het in 1922 sy eerste inspeksie gehad, toe die skool besoek was deur inspekteurs T.G. Ligertwood en A.J. de Vos[5].

(2) Geboue, terrein en uitrusting, 1926-1955.

Op 19 November 1926 het die Administrateur van Transvaal, wyle J.H. Hofmeyr, die nuwe skoolgebou op die huidige hoërskool-

/terrein ...

1. Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, Augustus 1921.
2. Du Plessis: Uit die verlede, 1922-1947, in K.H.S.-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 21.
3. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1921, 19-20.
4. Du Plessis: t.a.p.
5. T.O.D.: a.w., 31.12.1922, 60.

terrein geopen[1]. Die gebou sou 200 leerlinge kon huisves en is gebou teen 'n koste van £13,943.7.10.[2].

In 1934 is 'n begin gemaak om die skoolterrein in terasse uit te lê.

Die ou huishoudkunde- en handwerksentrums[3] is in 1936 voltooi; dog 1938 was eintlik die „annus mirabilis" van die skool, toe 'n skoolsaal, 'n wetenskaplaboratorium, twee addisionele klaskamers 'n koshuis, bediendekamers en 'n waterriool voltooi is. Die seuns kon toe ook die voorreg smaak om rugby op 'n grasveld te speel[4].

Die Tweede Wêreldoorlog het die moontlikheid vir verdere uitbreiding uitgesluit; dog in 1946 is daar begin met die bou van 'n biblioteek, kunskamer, boeke- en sportmagasyne en 'n huishoudkunde- en handwerksentrum. Voorlopige planne vir 'n meisieskoshuis is ook aan die Beherende Liggaam voorgelê vir goedkeuring[5]. Tydens die kwarteeufeesviering van die hoër-skool in 1947 is die geboue offisieel geopen[6].

Gedurende die vyftiger jare het die Klerksdorpse Hoërskool 'n tydperk van ongekende groei en ontwikkeling beleef. Die nuwe meisieskoshuis is op 11 Mei 1951 in gebruik geneem; vier addisionele klaskamers en magasyne is gedurende 1952 voltooi, terwyl verdere voorsiening van vier tydelike klaslokale in 1954 gemaak moes word. Aandag is ook geskenk aan die voorsiening van sport, en die skool het 'n bedrag van sowat £4,500 bestee aan die uitlê van sportvelde. Die Klerksdorpse Hoërskool beskik tans oor twee grasbeplante voetbalvelde, 'n standaard atletiekbaan met pawiljoen, swembad, krieketveld, hokkieveld, vier nuwe korfbalbane en vyf tennisbane[7].

/(3) ........

1. Du Plessis: Uit die verlede, 1922-1947, in K.H.S.-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 23.
   . Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, 19.11.1926.
2. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1926, Bylae III, 171.
3. Die huidige skoolraadskantore.
4. Du Plessis: a.w., 23-25.
5. Ibid., 25.
6. Meegedeel deur W.F. du Plessis (hoof).
7. Idem.

(3) Inskrywing, 1926-1955.

Op 22 November 1926 is die nuwe skoolgebou betrek wat akkommodasie kon bied aan ongeveer 200 leerlinge[1].

Die werklike groei van die Klerksdorpse Hoërskool word miskien die getrouste weergegee deur die toename in die leerlingtal. Die toename in die aantal leerlinge oor die jare heen was soos volg[2]:

| Jaar en maand | Inskrywing | Skoolhoof | Datum waarop skoolhoof diens aanvaar het |
|---|---|---|---|
| Desember 1925 | 103 | S.R. Ackerman | 1.2.1922 |
| Januarie 1926 | 125 | | |
| Desember 1933 | 173 | N.J. du Plessis | 17.1.1933 |
| Januarie 1945 | 368 | E. Botes | 25.7.1945 |
| Desember 1950 | 541 | W.F. du Plessis | 1.8.1950. |
| November 1952 | 767 | | |
| Desember 1954 | 969 | | |

Na die opening van die Schoonspruit-Hoërskool in Januarie 1955 is sowat 340 leerlinge van die Klerksdorpse Hoërskool daarheen oorgeplaas. Dit het aansienlike verligting ten opsigte van akkommodasieprobleme gebring.

In Desember 1955 het die skool afgesluit met 756 leerlinge wat onderrig is deur 'n personeel van vyf-en-dertig[3].

(4) Sentralisasie van st. 6-leerlinge.

In 1940 het die Onderwysdepartement tot die stap oorgegaan om, deur middel van omsendbrief No. 29 van 1940, skoolrade te versoek om hulle samewerking te verleen aan die Departement om die st. 6-leerlinge na hoërskole oorgeplaas te kry. Alhoewel 30 van die 40 hoërskole in Transvaal gedurende dieselfde jaar die st. 6-leerlinge na hoërskole oorgeplaas het, was Klerksdorp een van die uitsonderinge[4].

/In ..........

1. Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, 22.11.1926.
2. Ibid., Desember 1925; Januarie 1926; 17.1.1933; 14.12.1933.
   Klerksdorpse Hoërskool, Jaarblad, 1945, 9.
   Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, 25.7.1945; 1.8.1950.
   Klerksdorpse Hoërskool, Kwartaalstaat, 14.12.1950; 28.11.1952; 10.12.1954.
3. Meegedeel deur W.F. du Plessis.
   Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, 14.12.1955.
4. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1940, 19-20.

In Oktober 1947 het die skoolraad besluit om twee st. 6-klasse van die Presidentskool en een klas van die Unieskool na die hoërskool oor te plaas [1].

Die Onderwysdepartement het in 1948 deur middel van 'n omsendbrief die Skoolraad versoek om alle st. 6-leerlinge vanaf die begin van 1949 na die hoërskool oor te plaas [2].

Die Skoolraad het egter voor die probleem gestaan dat die hoërskool nie oor voldoende akkommodasie vir al die st. 6-leerlinge beskik nie, met die gevolg dat slegs die drie dorpskole, President, Unie en Engelsmedium, se leerlinge in 1949 oorgeplaas kon word [3]. Die st. 6-leerlinge is toe gehuisves in die gebou wat deur die Engelsmediumskool ontruim is nadat hulle nuwe skoolgebou in 1948 voltooi is [4].

Nadat die hoof van die hoërskool in 1953 aan die Skoolraad berig het dat daar in 1954 voorsiening gemaak kon word vir st. 6-leerlinge, het die Raad besluit om aan die Onderwysdepartement se versoek te voldoen, en alle st. 6-leerlinge vanuit die distrik is vanaf die begin van 1954 oorgeplaas na die hoërskool [5].

(5) Koshuisakkommodasie [6].

In 1924 het die koshuiskomitee die huis van Campbell gehuur, en in Januarie 1925 het 'n aantal seuns, met meneer en mevrou J.J. de V. Joubert as huisvader en huismoeder, hul intrek in die „koshuis" geneem [7].

In Januarie 1926 het mev. E.M. de Villiers (matrone) en 'n aantal meisies die huis van J. Lubbe bewoon [8]. Twee K.N.A.P.-geboue, een vir meisies en een vir seuns, is in 1937 opgerig om as koshuise te dien [9].

/Gedurende ..

---

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.10.1947.
2. Ibid., 10.8.1948.
3. Ibid., 19.10.1950 en 21.11.1950.
   Klerksdorpse Hoërskool, Jaarboek, 1949, 5.
4. Klerksdorpse Hoërskool: t.a.p.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.11.1953.
6. Die kwessie is reeds breedvoerig bespreek onder sentralisasie, bladsye 162 - 166.
7. Du Plessis: Die Klerksdorpse koshuis, 1925-1947, in Klerksdorpse Hoërskool-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 27 en 29.
8. Ibid., 29.
9. Ibid.

Gedurende 1938 is 'n provinsiale koshuis ten bedrag van £16,158 voltooi [1].

Gedurende 1947 is die nuwe meisieskoshuis voltooi [2].

(6) Buitemuurse bedrywighede.

Reeds vanaf die beginjare het dié waardevolle afdeling van die opvoeding die welwillende aandag van die personeel geniet.

In 1922 het die dogters reeds begin korfbal speel, met W.F. du Plessis as afrigter [3]. Gedurende dieselfde jaar het die hoof, S.R. Ackerman, rugbyspanne [4] asook krieketspanne [5] afgerig.

Met S.F. Rossouw as afrigter is daar in 1925 'n aanvang gemaak met hokkie [6]. Die eerste atletiekbyeenkoms was in 1926 [7].

Dit was egter eers vanaf die dertiger jare dat daar op sportgebied gepresteer is. Die Administrateurskrieketbeker is in 1933 verower, toe L.J. van Oostrum as afrigter was [8]. Vanaf 1936 het die korfbalspanne, afgerig deur Margaret Webb, die een oorwinning na die ander behaal [9]. As verjaarsdaggeskenk met die skool se mondigwording in 1942 het die rugbyspan die Administrateursbeker verower [10].

Behalwe bogenoemde sportaktiwiteite neem die leerlinge ook ywerig deel aan jukskei, tennis en swem [11].

Vir die sosiale en kulturele bedrywighede word daar ruim voorsiening gemaak. 'n Christelike Studente Vereniging-tak is reeds in 1928 gestig [12]. 'n Werkklub is reeds vanaf die vroegste jare gestig wat hom daarvoor beywer om sportgronde aan te lê en om die skoolterrein te verfraai. Aan die Klerksdorpse Hoërskool word daar ook voorsiening gemaak vir volkspele,

/debat ......

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1938, Bylae XVI, 167.
2. Meegedeel deur W.F. du Plessis.
3. Klerksdorpse Hoërskool, Jaarboek, Gedenkuitgawe, 1947, 33.
4. Ibid., 37.
5. Ibid., 41.
6. Ibid., 45.
7. Ibid., 49.
8. Ibid., 45.
9. Ibid., 35.
10. Ibid., 41.
11. Meegedeel deur W.F. du Plessis (hoof).
12. Klerksdorpse Hoërskool: a.w., 51.

debat, orkes, redenaarskompetisies en kadette. Al om die tweede jaar word 'n operette op die planke gebring, waarvan die laaste twee, Freule Mariké en Ridders van die Swartwoud, oorspronklike werke deur leerkragte van die skool self saamgestel, was.

Om die kontak met die ouers van leerlinge te behou word jaarliks 'n ouermiddag gereël[1].

c. Klerksdorp High School.

Ten einde tred te kon hou met die snelle uitbreiding en ontwikkeling van Klerksdorp, veral vanaf 1950, het dit noodsaaklik geword om 'n selfstandige hoërskool vir die Engelssprekendes op te rig.

Gedurende 1952 het die Onderwysdepartement goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n Engelsmediumhoërskool[2]. Reëlings is getref om die sekondêre afdeling by die Engelsmediumlaerskool, te huisves totdat die geboue vir die hoërskool opgerig word[3].

Vanaf Januarie 1953 is die eerste st. 7-leerlinge tot die skool toegelaat[4].

T.W. Stevens het diens aanvaar as hoof van die sekondêre afdeling vanaf 1 Januarie 1954[5].

In die volgende tabel word die aantal leerlinge in die sekondêre afdeling vanaf 1952 aangedui[6]:

| Maand en jaar | Aantal leerlinge | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | St. 6 | St. 7 | St. 8 | St. 9 | |
| November 1952 | 36 | - | - | - | 36 |
| November 1953 | 67 | 48 | - | - | 115 |
| Desember 1954 | 60 | 39 | - | - | 99 |
| Desember 1955 | 138 | 74 | 51 | 24 | 287 |

/In .........

1. Meegedeel deur W.F. du Plessis.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 29.7.1952.
3. Ibid., 9.12.1952.
4. Ibid.
5. Ibid., 22.9.1953.
6. Klerksdorp English Medium School, Quarterly Attendance, 28.11.1952; 27.11.1953; 10.12.1954; 14.12.1955.

In Maart 1955 het die Onderwysdepartement berig dat die Provinsiale Administrasie versoek is om die oprigting van die geboue vir die Engelsmediumhoërskool te bespoedig, sodat dit nie later as 1 Januarie 1957 voltooi sal wees nie [1].

d. Schoonspruit-Hoërskool.

(1) Stigting.

As gevolg van die hoë inskrywingsyfer by die Klerksdorpse Hoërskool in 1952 het dit nodig geword vir die Skoolraad om die Onderwysdepartement te versoek om 'n tweede Afrikaanse hoërskool vir Klerksdorp op te rig [2].

Vroeg in 1953 het die Departement van Onderwys aan die Skoolraad se versoek voldoen, en die oprigting van 'n tweede hoërskool is in beginsel goedgekeur [3].

Die skool is op 18 Januarie 1955 begin met J.P. Malan as agerende hoof [4].

(2) Geboue.

Laat in 1954 is die tender van "Fabricated Steel Manufacturing Company" aangeneem vir die oprigting van tydelike geboue teen die bedrag van £21,647 [5].

Nadat die skool geopen is in 1955, het dit reeds duidelik geword dat daar spoedig 'n tekort aan akkommodasie sou wees, aangesien die leerlingtal vinnig sou toeneem [6].

In Junie 1955 is 'n verdere tender van "Fabricated Steel Manufacturing Company" aangeneem om teen 'n koste van £4,766 sewe addisionele tydelike klaslokale op te rig [7].

(3) Personeel en inskrywing.

J.P. Malan het die skool as waarnemende hoof geopen op 18 Januarie 1955 en is vanaf 1 Oktober tydelik opgevolg deur

/A.J. ........

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 15.3.1955.
2. Ibid., 16.9.1952.
3. Ibid., 17.3.1953.
4. Schoonspruit-Hoërskool, Kwartaalstaat, 1.4.1955. Meegedeel deur W.G. du Toit, Sekretaris van die Skoolraad.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1954.
6. Ibid., 22.2.1955.
7. Ibid., 30.6.1955.

A.J. Rossouw[1]. W.F. Lamprecht sou vanaf 1 Januarie 1956 permanent as hoof diens aanvaar[2].

Die skool het in Januarie 1955 geopen. Gedurende 1955 is slegs leerlinge van st. 6, 7 en 8 ingeskryf. Dit word beoog om in 1956 onderwys te gee tot st. 9 en in 1957 tot st. 10[3]. Gedurende die vierde kwartaal van 1955 was daar 325 leerlinge wat onderwys ontvang het van 16 leerkragte[4].

e. <u>Witwatersrandse Tegniese Kollege, Klerksdorpse tak.</u>

Die Klerksdorpse tak van die Witwatersrandse Tegniese Kollege, wat op 13 September 1941 offisieel geopen is deur sir Ernest Oppenheimer, het sy ontstaan te danke aan die mynontwikkeling[5].

Gedurende 1939 is daar 'n aanvang gemaak met die oprigting van die kollegegebou uit geld wat deur die Kamer van Mynwese en die Staat bygedra is[6]. Die hoeksteenlegging is op 25 November deur J.H. Hofmeyr waargeneem[7].

Gedurende die eerste jaar van sy bestaan het die kollege opleiding verskaf aan 50 deeltydse studente. Van die begin af was daar 'n behoefte aan 'n meisieskoshuis om aan die dogters wat in die distrik woonagtig was, akkommodasie te verskaf. Die private gebou wat in 1942 gekoop is om as koshuis te dien, is in Januarie 1943 betrek. Gedurende 1945 was daar 23 en in 1950 reeds 36 meisies in die koshuis. In Desember 1951 het die koshuis gesluit met 29 kosgangers[8].

Op 1 Januarie 1943 het T.C.E. Corbett diens aanvaar as

/lektor .......

1. Meegedeel deur W.G. du Toit, Sekretaris van die Skoolraad.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.10.1955.
3. Ibid., 17.8.1954.
4. Schoonspruit-Hoërskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
5. Meegedeel deur die Direkteur, Witwatersrandse Tegniese Kollege, Johannesburg, en G. Haaksma, huidige hoof van die plaaslike Tegniese Kollege.
6. Meegedeel deur G. Haaksma.
7. Witwatersrandse Tegniese Kollege, Klerksdorp: opskrif by die hoeksteen.
8. Meegedeel deur die Direkteur, Witwatersrandse Tegniese Kollege, Johannesburg.

„Lektor-in-Bevel". Hy is op 1 Januarie 1944 opgevolg deur A.W. Schroeder. R.R.B. Hopley, wat laasgenoemde op 1 April 1944 opgevolg het, het op 1 Mei 1947 „Senior Lektor-in-Bevel" geword[1].

Gedurende 1945 was daar 102 voltydse en 80 deeltydse studente. In 1950 was daar 255 voltydse en 130 deeltydse studente by die Kollgege ingeskryf, en hulle is onderrig deur 17 personeellede[2].

L.J.P. du Preez het op 1 Julie 1950 hoof van die inrigting geword. Op 1 Januarie 1953 is Du Preez deur J.G. McDougall opgevolg. Die huidige hoof, G. Haaksma, het diens aanvaar op 1 Januarie 1954.

Gedurende 1955 was daar 47 voltydse en 380 deeltydse studente aan die kollege verbonde, wat onderrig ontvang het van ses voltydse en 8 deeltydse personeellede[3].

Onderrig word verskaf in die gewone skoolvakke, Afrikaans, Engels, Matesis en Wetenskap, waarby nog bykom Fisika, Meganika en Vakteorie. Opleiding word onder andere verskaf aan ketelmakers, skrynwerkers, draaibankwerkers, elektrisiëns, motorwerktuigkundiges en grofsmede[4].

1. Meegedeel deur die Direkteur, Witwatersrandse Tegniese Kollege, Johannesburg.
2. Idem.
3. Idem.
4. Meegedeel deur G. Haaksma.